# KLIPKERK LICHTENBURG

## *Wêreldfokus Nuusbrief*

**Junie 2024**



*Die Muhalo rivier in vloed*
*Muapula gebied*

**Julle sal met vreugde water skep**
**uit die fonteine van verlossing.**

**Julle sal op daardie dag sê, 'Prys die Here! Roep sy Naam uit! Maak onder die volke sy dade bekend! Verkondig dat sy Naam verhewe is!'**

*Jesaja 12: 3,4 (2020 vert)*

*'n Jaar van Geleenthede*

# *Makhua Bybelbediening*

## Dr Gerard en Vanessa Olivier

Hoe meet mens geestelike “sukses”? Ek dink nie dis iets wat mens doen nie, maar wat ek wel bereid is om te sê, is dat die afgelope besoek aan Muapula en die opleiding daar ALLE verwagtinge van my kant oortref het.

Sonder uitsondering het die studente met opgewondenheid terugvoer gegee aan die einde oor hoe wêrelde vir hulle oopgegaan het. Baie dinge is hier genoem maar die drie wat die meeste genoem is, is waarskynlik:

> *Groot deurbrake sover dit die lees en verstaan van die Bybel en voorbereiding van boodskappe aan betref;*
> *’n Heeltemal nuwe verstaan van en dink oor wie God is – veral ook in die Makhua denkwêreld en*
> *Totale verassing oor die diepte en ware betekenis van die boodskap van die kruis van Jesus.*

Ons dank die Here vir al die gebede wat verhoor is – van reise tot gesondheid tot beskerming van geliefdes, tot baie goeie “fellowship” tussen die studente, en bo alles dat God in die twee weke verheerlik is!

Watter voorreg vir my om te kan belê in lewens van mense wat na sewe, agt verskillende areas teruggaan waar ek nooit sal uitkom nie!

Vir ons/julle bly daar nou paar belangrike dinge oor:
***Ons moet bid vir hulle in die tussentyd tot hulle terugkeer;***
***Ons moet nou reeds bid vir hulle voorbereiding vir die tweede deel wat 19 Augustus begin;***
***Ons moet bid dat almal kan terugkom vir die voltooiing van die opleiding;***
***Ons moet bid dat die Here Sy doel met hulle en in hulle sal bereik;***
***Ons moet bid dat hulle die ware Evangelie gaan uitleef en uitbasuin waar hulle ook al is en gaan!***

Christusliefde
Gerard en Vanessa



# *Van Kopjagters na Christus Volgelinge: ’n Verhaal van Onbereiktes*

***Deur*** Lyndsey Koh

*India (MNN)* - Indien ons nie die Evangelie uitdra nie, wie sal? Drie miljard mense het steeds vandag geen manier om die Goeie Nuus van Jesus Christus te hoor nie. Sondag, 19 Mei 2024, was die Internasionale Dag vir die Onbereiktes en ons het gebid vir meer Christene om die Evangelie na onbereikte mense te neem.

Ons sal nooit weet watter geestelike nalantenskap dit kan lewer om net een onbereikte mensegroep te bereik nie.

John Pudaite, President van *Bibles For The World* vertel sy oupa se onbereikte Hmar-stam in noordoos-Indië het die reputasie gehad as vreesaanjaende kopjagters.

“Dit was lank gelede, met die begin van die 20ste eeu, wat hierdie stam in Brittanje die reputasie gehad het as die wreedste groep kopjagters. Hulle het hierdie reputasie gekry omdat die Britte al groter dele van Indië in tee-plantasies omskep en die stam in opstand gekom het.

“In ’n aanval op ’n teeplantasie het hulle in een nag die koppe van meer as 500 teeplantasie werkers afgekap en die dogter van die plantasie bestuurder ontvoer.”

Pudaite getuig verder: “Ons sien dit nou, in retrospeksie, as goddelike voorsienigheid dat hierdie stam se reputasie in Brittanje versprei het, want daardeur het ’n aantal sendelinge die roepstem van God gehoor om na Indië te gaan en uit te reik na hierdie stam en ook ander stamme.

Een jong sendeling, Watkin Roberts, het in 1910 die Johannes Evangelie aan die Hmar stam gestuur, waarop die stamhoof hom laat weet om dit te kom verduidelik. Roberts het die Britse owerheid se verbod op kontak met hierdie gevaarlike stam geïgnoreer en gegaan.

Pudaite sê: “Hy het deur die heuwels gesluip en meer as ’n week geloop om my oupa se *village* te bereik. Gedurende die kort besoek van vyf dae was hy in staat om die Evangelie boodskap te deel … My oupa, wat op daardie stadium toe seker maar so 14 of 15 jaar oud was, – hy was vermoedelik ’n  jong kopjagter in opleiding – het sy hart vir Christus gegee!”

Pudaite se pa, “Ro” Pudaite, het uiteindelik *Bibles For The World* gestig – ’n bediening wat reeds 100 miljoen Bybels aan mense, insluitende die onbereiktes, wêreld-wyd voorsien het.

Miskien, soos met Roberts, roep God jou ook om te gaan?

“Dit was nie ’n maklike besluit vir hom nie,” se Pudaite.

“Maar Roberts het gekies om in gehoorsaamheid aan die Roepstem te gaan en die Evangelie aan ons mense te bring.”

***Bron: MISSION NETWORK NEWS***
https://www.mnnonline.org/news/from-headhunters-to-christ-followers-an-unreached-peoples-story/